## 1.INSKRYWINGSVORM EN ALGEMENE INLIGTING: 2026

### 1.1 BESONDERHEDE VAN OUDSTE/ENIGSTE KIND

| | | | |
|---|---|---|---|
| Volle Name en Van: | | | |
| Noemnaam: | | Geboorte datum: | |
| Graad in 2026: | | Geslag: | |
| | | | |
| BESONDERHEDE VAN KIND 2: | | | |
| Volle Name en Van: | | | |
| Noemnaam: | | Geboorte datum: | |
| Graad in 2026: | | Geslag: | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| BESONDERHEDE VAN KIND 3: | | | |
| Volle Name en Van: | | | |
| Noemnaam: | | Geboorte datum: | |
| Graad in 2026: | | Geslag: | |

1.2 BESONDERHEDE VAN OUERS/VOOGDE:

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Naam en Van (Ma): | | | | | | | | | | | | | |
| Id nommer: | | | | | | | | | | | | | |
| Straat Adres:<br>(Domicillium citandi et executandi): | | | | | | | | | | | | | |
| Posadres: | | | | | | | | | | | | | |
| E-Pos adres: | | | | | | | | | | | | | |
| Tel (Werk): | | | | Selfoon: | | | | | | | | | |
| Huweliksverband van ouers: | | | | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Naam en Van (Pa): | | | | | | | | | | | | | |
| Id nommer: | | | | | | | | | | | | | |
| Straat Adres:<br>(Domicillium citandi et executandi): | | | | | | | | | | | | | |
| Posadres: | | | | | | | | | | | | | |
| E-Pos adres: | | | | | | | | | | | | | |
| Tel (Werk): | | | | Selfoon: | | | | | | | | | |

## 1.FINANSIëLE INLIGTING

### 1.1 BETALING VAN NASKOOLFOOIE:

- **Naskoolfooie vir Graad 1 beloop R2 240 per maand oor 11 maande.**
- **Naskoolfooie vir Graad 2 tot 7: R 2 456 oor 12 maande en R2 680 oor 11 maande. (Graad 7 slegs 11 maande opsie)**
- n Registrasiefooi van R 900 is eenmalig betaalbaar vir nuwe inskrywings.
- Alle fooie is streng vooruitbetaalbaar voor of op die laaste dag van elke maand vir 11/12 maande.
- Indien 'n maand se fooie nie betaal is nie, sal die betrokke leerling die naskool geweier word tot die fooie betaal is. Ons kan ongelukkig geen uitsonderings maak nie. Die reël sal streng toegepas word sodat die naskool finansieël lewensvatbaar kan bly.
- U mag ongelukkig nie kennis gee in Oktober- of Novembermaand nie.

### 1.2 BANKBESONDERHEDE VAN BOKKIE NASKOOL

**BOKKIE NASKOOL MENLOPARK**
**FNB**
**REKENINGNOMMER: 63040386054**
**TAKKODE:0460**

### 1.3 BETALINGSOOREENKOMS

- **Verwysing:** Eerste betaling kan gemaak word met u kind se naam en van as verwysing, daarna sal 'n unieke familiekode aan u gegee word.
- **E-pos asseblief bewys van betaling na** finansies@bokkienaskool.co.za
- **Verandering van kontakbesonderhede:**
  Alle telefoonnommers en adresveranderings moet skriftelik verander word. Stuur asb 'n epos na finansies@bokkienaskool.co.za

Ek onderneem om die maandelikse naskoolfooie vooruit te betaal voor of op die laaste dag van elke maand. Ek stem toe dat alle regskostes vir die invordering van agterstallige skoolgelde deur my betaal sal word op prokureur- kliënt- skaal en dat my adres, soos uiteengesit hierbo, sal dien as Domicillium citandi et executandi.

Geteken te _______________ op hierdie ________ dag van ____________ 20___

PERSOON VERANTWOORDELIK IS VIR BETALING VAN SKOOLGELDE

(Maak ‘n X in die toepaslike blokkie.)

(A)Vader ☐ (B) Moeder ☐ (C) Ander ☐

Die volgende betaalwyses vir die betaling van skoolgelde is beskikbaar:

(Maak ‘n X in die toepaslike blokkie.)

| | |
|---|---|
| EENMALIGE BETALING | |
| ELEKTRONIESE BETALING OOR 11 MAANDE | |
| ELEKTRONIESE BETALING OOR 12 MAANDE | |

| 3.IN GEVAL VAN NOOD: | | |
|---|---|---|
| Persone wat in ‘n noodgeval gekontak kan word/toestemming het om kinders by Bokkie af te haal. | | |
| Naam: | Verwantskap: | Kontaknommer: |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

| 4. MEDIESE INLIGTING: | | | |
|---|---|---|---|
| Mediese Fonds: | | Lidnommer: | |
| Huisdokter: | | Tel nr.: | |
| Persoon verantwoordelik vir rekening: | | | |
| Allergieë: | | | |
| Reëlings aangaande allergieë: | | | |

Bokkie Opvoedkundige Naskool
Andersonstraat 410
Menlopark
Tel: 060 963 0576
E-pos: hoof@bokkienaskool.co.za
finansies@bokkienaskool.co.za

## BOKKIE OPVOEDKUNDIGE NASKOOL ALGEMENE REËLS EN REGULASIES

## 1. DISSIPLINE:

**Om die naskool doeltreffend te laat funksioneer is die volgende reëls van toepassing:**

1.1 Goeie waardes en karakterbou maak deel uit van ons daaglikse program by Bokkie naskool.
1.2 Bokkies respekteer hul ouers, onderwysers, maats en hulself.
1.3 Elke kind se veiligheid en welstand is ons prioriteit, daarom tree ons baie streng op teenoor kinders wat ander afknou en/of handgemeen raak.
1.4 Die betrokke ouers van beide die afknouer en die kind wat afgeknou is/word sal gekontak word. Bokkie Opvoedkundige Naskool behou die reg om 'n leerder na 3 waarskuwings toegang tot die naskool te weier.
1.5 Ons streef daarna om elke kind sy volle potensiaal te laat bereik, daarom is dit belangrik dat kinders hul volle samewerking gee tydens aantree, in die klaskamer en op die speelgrond.
1.6 Ons poog om al die huiswerk elke dag in die klas klaar te maak maar kan dit nie doen sonder elkeen se samewerking nie. Help ons asb in die verband, deur die belangrikheid van die akademiese tyd by Bokkie met u kind te bespreek en om op te volg of hul werk gedoen is.
1.7 Elke Graad/klas het hul eie klasreëls wat aan die begin van die jaar verduidelik word en in die klas aangebring is. Dit word van almal verwag om die klasreëls te gehoorsaam.

## 2. HUISWERK:

2.1 Bokkie is ’n opvoedkundige naskool en daarom fokus ons bekwame personeel elke dag op huiswerk wat in klasverband gedoen en nagegaan word.
2.2 Samewerking in die klaskamer is noodsaaklik sodat elke leerder ongehinderd kan leer en huiswerk doen.
2.3 **Geen selfone word toegelaat by die naskool nie.** Leerders is welkom om ouers in die hoof se kantoor te skakel indien daar ’n dringende aangeleentheid is. Selfone sal ingeneem word en aan die einde van die dag aan die ouer terug besorg word.
2.4 Omdat ons fokus huis- en leerwerk is, is daar nie tyd vir opvoeders om leerders te help met take en toesprake nie. Indien daar wel tyd in die middae is, is hulle welkom om daaraan te werk, maar dit bly hulle verantwoordelikheid om dit tuis te voltooi.
2.5 Alle boeke word tuis oorgetrek.
2.6 Alle skryfbehoeftes moet duidelik gemerk wees.
2.7 Alle boeke, skryfbehoeftes en speelgoed wat die naskool aankoop bly die eiendom van Bokkie Opvoedkundige Naskool.
2.8 Graad 4 tot 7 leerders ontvang opsommings en vraestelle om te help met toets- en eksamenvoorbereiding, hou dit asb netjies in ’n leêr, ons deel slegs een keer ’n betrokke opsomming/vraestel per kind uit. Ons vra ook dat u asb nie die materiaal met ander ouers/kinders wat nie in die naskool is, sal deel nie.
2.9 Ouers bly steeds verantwoordelik vir tuis hersiening en kontrole, veral wanneer kind baie tyd aan buitemuurse aktiwiteite spandeer het.
2.10 Dit is uiters belangrik dat kinders besef dat ouers en personeel saam werk as ’n span om die beste moontlike uitkomste vir hulle te verseker.
2.11 Kontak ons gerus indien daar enige bekommernisse/vrae is.Ons help graag.

## 3.BUITEMUURS:

3.1 Bokkie Opvoedkundige Naskool is nie verantwoordelik vir die betaling van enige buitemuurse aktiwiteite nie.
3.2 Deelname aan buitemuurse aktiwiteite geskied op eie risiko.
3.3 U kind sal deur ‘n verantwoordelike persoon na die laerskool geneem en weer gehaal word sou hy/sy buitemuurse aktiwiteite daar moet bywoon.
3.4 Die naskool kan nie waarborg dat al die huiswerk in die gegewe tyd voltooi en/of nagesien

gaan wees nie, indien u kind baie tyd aan buitemuurse aktiwiteite spandeer nie. Indien u kind 'n besige buitemuurse program het, stel ons voor dat u hulle 'n bietjie later in die middae afhaal.

3.5 Indien u kind ekstra hulp of studietyd nodig het is dit raadsaam om sy/haar buitemuurse aktiwiteite so te bestuur om te verseker dat u kind maksimale ondersteuning by die naskool kan kry.

3.6 Ouers ontvang elke Donderdag 'n e-vorm vir die volgende week se buitemuurse aktiwiteite. Neem asb die tyd om die vorm voor 17:00 op 'n Sondag te voltooi. Die e-vorm is van kardinale belang vir die beplanning van stapregisters, kospakkies en etes.

Ons kan slegs u kind neem na aktiwiteite waarvan ons die korrekte inligting het.

## 4.NASKOOLURE:

4.1 Die naskool is oop vanaf 13:30 tot 17:30.

4.2 Ons ontvang die kinders om 13:30 by die Rooshek waar register geneem en kospakkies uitgedeel word vir leerders wat aktitwiteite direk na skool het. Kinders mag onder geen omstandighede eers na die skool se snoepie toe gaan nie. Hulle moet so gou as moontlik na die afhaalpunt beweeg en ordelik aantree terwyl hulle op die klasregisters afgemerk word.

4.3 Die Graad 1 leerders word vir die eerste maand van die nuwe skool jaar by hul klasjuffrou afgehaal en na die naskool geneem.

4.4 Teken asb u kind elke dag uit op die register by die Bokkiehek.

4.5 Geen leerling mag die naskoolterrein verlaat sonder toestemming van sy/haar juffrou nie.

4.6 Alle ouers of gemagtigde persone is self verantwoordelik vir hul kinders vanaf die oomblik wat hul by Bokkie Opvoedkundige naskool afgehaal word.

4.7 Ons verstaan dat daar soms onvoorsiene omstandighede is, laat weet ons dus betyds indien u 'n krises het. Die naskool sluit stiptelik om 17:30. Indien 'n ouer versuim om sy/haar kind by die naskool af te haal voor 17:30 op enige dag sal daar 'n boete ten bedrae van R50 per kwartier of gedeelte daarvan betaalbaar wees.

4.8 Middagete word om 13:45 by die naskool bedien.

4.9 Leerders beweeg nie later as 14:05 na hul onderskeie klasse om met hul huiswerk te begin.

4.10 'n Middagversnapering, wat 'n vrug/toebroodjie en sap insluit, word om 15:15 bedien.

4.11 Die Naskool se "Smulkafee" is daagliks oop tussen 15:05 tot 15:20

4.12 **Enige voedselallergieë moet asseblief op skrif deurgegee word, ons kan ongelukkig nie spesifieke dieët-voorkeure akkomodeer nie maar kontak gerus die**

**Naskoolhoof om dit met haar te bespreek.**

4.13 Geen lekkernye en koeldrank sal in die klasse toegelaat word nie. Daar is ‘n watermasjien wat leerders deurlopend van water voorsien.

4.14 Indien u kind nie die middag by die naskool gaan eet en/of naskool gaan bywoon nie moet die naskool voor 10:00 daarvan in kennis gestel word. Die e-vorm maak ook voorsiening hiervoor.

## 5. VAKANSIEPROGRAMME:

5.1 Vakansieprogramme is altyd ’n hoogtepunt by Bokkie! Ons programme is ontwerp om lewensvaardighede en goeie waardes aan leerders te leer terwyl hulle in die proses ook hope pret het.

5.2 Ons is oop tydens die hele April- en Oktobervakansies en sluit slegs tydens die middelste week van die Junie/Julievakansie.

5.3 Ons gee die volledge vakansieprogram wat die tema en spesifieke aktiwiteite insluit, betyds deur.

5.4 Deelname aan die vakansieprogram is gratis vir ingeskrewe leerders by Bokkie. Daar is slegs ‘n eenmalige kunsfooi van R100 en indien daar enige ekstra aktiwiteite beplan word sal dit so op die program deurgegee word.

5.5 ’n Dagbesoekersfooi van R 150 per dag sal geld vir besoekers.

5.6 Die ure tydens die Vakansieprogram is as volg: 7:15 tot 17:30

5.7 Ontbyt, middagete en ‘n middagversnapering word bedien.

5.8 Ons is nie op publiekevakansiedae en spesiale skoolvakansiedae oop nie.

## 6.HANTERING VAN PROBLEME:

6.1 Alle probleme/bekommernisse moet onder die naskoolhoof se aandag gebring word. Ons sal alles in ons vermoë doen om ‘n regverdige uitkoms te verseker.

6.2 Ouers mag onder geen omstandighede, enige kind op ons terrein ondervra of konfronteer nie. Meld die voorval aan by die naskoolhoof, waarna ons die insident sal ondersoek en die nodige stappe volg.

6.3 Indien u as ouer ongelukkig is, of ‘n bekommernis het aangaande u kind se skoolwerk of emosionele welstand, kan u direk met die skoolhoof kontak maak.

6.4 Kontak gerus u kind se klasonderwyser indien u navrae het i.v.m u kind se skool- of leerwerk.

## 7. MEDIESE SORG:

7.1 Voorgeskrewe- of allergiemedikasie sal met skriftelike toestemming aan kinders toegedien word. **Ernstige allergieë wat lewensgevaarlik kan wees moet persoonlik aan die hoof deurgegee word. ’n Volledige noodplan sal in plek gestel word.**
7.2 In geval van ’n besering of ‘n mediese noodgeval sal ons onmiddelike hulp verleen en u dadelik in kennis stel.
7.3 Die kinders se veiligheid en welstand is ons prioriteit. Ons het opgeleide personeel wat basiese noodhulp in ’n noodgeval kan toepas. Ons onderneem om u te kontak ingeval van ’n bysteek, kopbesering (hoe gering ookal) en enige besering waar ons voel dit nodig is om u in kennis te stel.
7.4 Geringe beserings soos ’n stukkende toon of ’n skraap sal ons self hanteer.
7.5 Bokkie Opvoedkundige Naskool onderneem om te alle tye genoegsame toesig in klaskamers en op speelterreine te verseker. Ons aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir enige beserings wat by die naskool opgedoen word nie.

## 8. ALGEMEEN:

8.1 Om te verseker dat die naskool vir almal ’n positiewe, leerbare omgewing is, is dit belangrik dat kinders elke dag hul samewerking ten volle gee.
8.2 Dit is belangrik dat kinders respek toon vir hul klaskamers en die speelterrein. Ons moedig hulle deurlopend aan om eienaarskap te neem van die naskool om sodoende ’n opbouende positiewe middag-tuiste vir almal te skep.
8.3 Tasse en persoonlike besittings is u kind se eie verantwoordelikheid. Die naskool dra geen verantwoordelikheid vir die verlies of skade van tasse, klere, selfone, balle of enige persoonlike besittings nie. **Besittings moet duidelik gemerk wees.**
8.4 Ons het ’n kas waar al die verlore items gebêre word, vra gerus indien u iets vermis.
8.5 Geen kougom word toegelaat nie.
8.6 Indien ‘n leerling enige opsetlike skade aan die geboue, klaskamers of enige besittings van Bokkie Opvoedkundige Naskool sou aanrig, sal die betrokke leerling se ouers in kennis gestel word en die vergoeding van die skade sal van u verhaal word.

## 9. POPIA-WETGEWING:

9.1 Die bestuur van Bokkienaskool het dit goed gedink om nie meer plasings op sosiale media te maak nie. Ons plaas slegs ‘n Kwartaalikse artikel/nuusbrief in die Menlo-weekliks en plaas van tyd tot tyd fotos en videos op ons interne WatsApp klasgroepe.
9.2 Ons respekteer u reg op privaatheid en vra dat u asb sal aandui indien u nie fotos/videos wat tydens aktiwiteite/buitespel geneem word, op bg. Platforms geplaas word nie.
9.3 **In ooreenstemming met die POPIA-wetgewing gee ek hiermee toestemming/nie toestemming dat fotos/videos soos bo vermeld, gebruik mag word.** (Onderstreep asb u voorkeur.)
9.4 Ons sal dit hoog op prys stel indien ons elke Kwartaal ’n afskrif van u kind se akademiese verslae/rapport kan kry. Dit help baie met die beplanning van elke kind se akademiese hulp en voorbereiding, hierdie inligting sal baie konfidensieël hanteer word.

Hiermee bevestig en erken ek as ouer/voog dat ek Bokkie Opvoedkundige Naskool se Reëls en Regulasies en Algemene Inligting gelees het en dit verstaan en onderneem om dit na te kom soos uiteengesit. Ek aanvaar die naskool se dissiplinebeleid en bevestig en erken ek dat ek die Bokkie Opvoedkundige Naskool se “Reëls en Regulasies“ en “Algemene inligting“ gelees het en verstaan en onderneem om dit na te kom soos uiteengesit in hierdie vorm. Ek onderneem om my kind deurlopend aan te moedig om ’n positiewe bydra te lewer en dat die nakoming van die gedragskode en dissiplinêre stelsel van Bokkie Opvoedkundige Naskool, nie-onderhandlebaar is nie.

Geteken te ________________ op hierdie ________ dag van _____________ 20___

_____________________________ _____________________________

Volle Name en Van (Ouer/Voog) Handtekening

Bokkie Opvoedkundige Naskool
Andersonstraat 410
Menlopark
Tel: 060 963 0576
E-pos: hoof@bokkienaskool.co.za
finansies@bokkienaskool.co.za

**BOKKIE OPVOEDKUNDIGE NASKOOL VRYWARINGSVORM:**

Ek ___________________________ (Ouer se naam en van), ouer / wettige voog van ________________________________________________(Kind/ers se naam en van) verklaar hiermee die volgende:

Ek vrywaar en stel Bokkie Opvoedkundige Naskool, personeel en werknemers skadeloos teen enige skade, eise of aanspreeklikheid wat mag ontstaan weens skade aan of verlies van eiendom, liggaamlike besering, siekte of dood wat my of my kind raak en wat verband hou met my kind se deelname aan enige naskool aktiwiteite (insluitende die vervoer van my kind) of buitemuurse en kurrikulêre bedrywighede wat plaasvind buite die normale besigheidspersele van Bokkie Opvoedkundige Naskool, (hetsy dit tydens of buite naskoolure plaasvind), ongeag of dit voortvloei uit of veroorsaak is deur ŉ handeling of versuim (nalatig of andersins) deur enige sodanige gevrywaarde party **Voormelde vrywaring geld egter nie ten opsigte van skade, eise of aanspreeklikhede wat veroorsaak is deur die opsetlike of growwe nalatige handelinge van enige gevrywaarde party nie;

Die reg van toegang tot die perseel word te alle tye voorbehou;

Alle persone en kinders wat Bokkie Opvoedkundige Naskool betree, doen dit geheel en al op eie risiko;

Alle persone wat Bokkie Opvoedkundige Naskool se eiendom betree, die ouers van kinders en die partye tot hierdie ooreenkoms, onderneem om die Reëls en Regulasies van Bokkie Opvoedkundige Naskool stiptelik na te kom en bevestig dat daardie reëls by hierdie ooreenkoms ingelyf word as deel daarvan;

Ek gee toestemming dat my kind aan enige aktiwiteite van Bokkie Opvoedkundige Naskool en alle normale kurrikulêre bedrywighede van Bokkie Opvoedkundige Naskool mag deelneem. Indien ek bogemelde goedkeuring wil onttrek of indien daar enige beletsel is teen deelname aan enige aktiwiteite of normale kurrikulêre skoolbedrywighede, sal ek Bokkie Opvoedkundige Naskool skriftelik daarvan in kennis stel.

Ek is bewus daarvan dat indien my kind deelneem aan buitemuurse en buitekurrikulêre

aktiwiteite, Bokkie Opvoedkundige Naskool nie verantwoordelik gehou kan word vir my kind se veiligheid en welstand nie;

Ek besef dat alhoewel Bokkie Opvoedkundige Naskool onderneem om genoegsame voorsorg te tref om my kind se veiligheid en welstand te verseker tydens naskoolure en gedurende enige aktiwiteite, Bokkie Opvoedkundige Naskool nie die veiligheid en welstand van my kind ten alle tye kan waarborg nie;

Ek verklaar dat sover ek weet my kind fisies in staat is om aan enige aktiwiteite van en normale bedrywighede by Bokkie Opvoedkundige Naskool deel te neem en dat my kind in goeie gesondheid verkeer;

Indien my kind om enige rede hoegenaamd vervoer moet word deur middel van ’n motorvoertuig, hetsy in die geval van nood of ten aansien van ’n aktiwiteit, my kind vervoer mag word deur ’n wettige vervoer operateur of ’n werknemer of ander ouer van Bokkie Opvoedkundige Naskool met wie daar uitdruklik ’n reëling vir die doeleinde getref is;

Indien mediese behandeling vir my kind nodig mag wees en Bokkie Opvoedkundige Naskool na redelike pogings onsuksesvol was om vir my of die aangewese kontakpersoon (wie se naam en besonderhede op die inskrywingsvorm verskyn) in die hande te kry, die betrokke naskoolhoof of haar gevolmagtigde toestemming namens my mag gee tot die mediese behandeling;

Ek aanvaar dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van uitgawes, mediese rekeninge en/of hospitaalrekeninge indien van toepassing, in geval van besering van my kind;

Ek bevestig dat ek Bokkie Opvoedkundige Naskool van alle relevante feite en gebreke rakende my kind se liggaamlike vermoë en gesondheid in kennis gestel het.

Geteken te _______________ op hierdie ________ dag van ____________ 20___

______________________________ ______________________________

Volle Name en Van (Ouer/Voog) Handtekening